




Inhoudsopgawe



1. Verwelkoming
2. Visie en Missie
3. Skoolinligting
4. Skoolgelde en skryfbehoeftes
5. Doelwitte
6. Waardes
7. Toelating en rapporte
8. Skoolure
9. Afwesigheid
10. Buitemuurs
- 11 Ouerbetrokkenheid
12. Kosblikke
13. Kleredrag
14. Terapeute
15. Uitstappies
16. Algemeen



Beste Ouers

Hartlik welkom by Laerskool Hendrik Louw, waar julle kinders, die Klein Louwtjies, met 'n opwindende en belonende reis sal begin. Ons is verheug om julle welkom te heet by die beste skool suid van die Noordpool – ons pragtige skool by die see!

By Laerskool Hendrik Louw is ons daartoe verbind om 2026 so aangenaam en verrykend moontlik vir elke kind te maak. Ons visie is eenvoudig, maar kragtig: Elke dag ons beste vir elke kind. Ons glo vas dat elke kind die beste geleenthede verdien om te groei, te leer en te floreer.

Ons besef ook dat uitstekende en duidelike kommunikasie van kardinale belang is om 'n ondersteunende omgewing vir ons leerders en hulle gesinne te skep. Wees verseker dat ons saam met julle sal werk om te verseker dat elke kind sy volle potensiaal bereik.

Ons sien uit na die wonderlike jaar wat voorlê en ook na die vele prestasies wat ons saam sal vier.

Jacques Horne
Skoolhoof

Be the BEST. Let's do it!

2. Visie en Missie



VISIE


Altyd ons allerbeste vir elke kind.

MISSIE

Om 'n gebalanseerde, waardegedrewe leeromgewing te skep waarbinne opvoeders en ouers saamwerk om die volle potensiaal van elke kind te ontwikkel.



3. Skoolinligting



Tel: 021 853 1045 / 55

Uitbreidings:

- 1 – Skakelbord / Algemene navrae
- 2 – Toelatings
- 3 – Finansies
- 4 – Sport
- 5 – Nasorg
- 6 – Bemarking

E-pos:

headadmin@hendriklouw.com

Posadres:

Posbus 94
STRAND
7139

Webtuiste:

www.hendriklouw.com

Facebook & Instagram:

@hendriklouwprimary

Gr RRR-opvoeder:

Me. Maraisa Muller

Gr RRR-hulpopvoeder en middagprogram:

Me. Naomi Terblanche & Me. Melony Gouws

Gr RR-opvoeders:

Afrikaans

- | | | |
|---------|---|--------------------|
| Gr RRA1 | - | Me. Monique Smith |
| Gr RRA2 | - | Me. Tersa Pieterse |

Engels:

- | | | |
|---------|---|---------------------|
| Gr RRE1 | - | Me. Marilyn Ridgway |
| Gr RRE2 | - | Me. Lischa Calitz |

Gr R-opvoeders:

Afrikaans:

- | | | |
|--------|---|--------------------|
| Gr RA1 | - | Me. Anelmi Fourie |
| Gr RA2 | - | Me. Corné Thieroff |
| Gr RA3 | - | Me. Lisa Keyser |

Engels:

- | | | |
|--------|---|-----------------------|
| Gr RE1 | - | Me. Elsjelie Els |
| Gr RE2 | - | Me. Tamsyn Rautenbach |

4. Skoolgelde en skryfbehoeftes



2026 SKOOLFOOIE Gr RRR

Voldag: tot 17:45 - R3 650 per maand

Halfdag: tot 12:30 — R2 350 per maand

2026 SKOOLFOOIE Gr RR en Gr R

R25 850 per leerder per jaar

- Fooi = R2 350 per maand oor 11 maande.
- Korting van een maandelikse bedrag (R2 350), is beskikbaar indien die hele jaar vooruit betaal word voor 31 Desember 2025.

2026 NASORGFOOIE

Gr RR-7 (R1 650 x 11 maande)

Ure: na skool — 17:45

E-pos: aftercare@hendriklouw.com

Bankbesonderhede:

STANDARD BANK

STRAND TAK 051001

TJEKREKENING 063 164 825

VERWYSING: Leerder se van, Naam en Graad (Totdat 'n spesifieke nommer na die eerste betaling aan u rekening toegeken word)

Voeg verwysing by: Skoolfonds/Nasorgfooie/HL hempie

METODES VAN BETALING:

- Vooruitbetaling van afslagbedrag voor/maar **nie later as 31 Des 2025: R 23 500**
LW: Slegs EFT is die aanvaarbare wyse van betaling op hierdie keuse.
- Twee halfjaarlikse betalings van R12 925 teen of voor 1 Jan 2026 en 1 Julie 2026.
Geen afslag van toepassing.
- Maandelikse debietorder/internetoorplasing/kontant by die skool voor/op 7de van die maand — 11 betalings van R2 350:
1 Jan 2026 — 1 Nov 2026.

SKRYFBEHOEFTES:

Complete Office Solutions is die enigste verskaffer, sodat alle skryfbehoeftes eenvormig is.

Aanlynbestellings:

<https://completeoffice.co.za/pages/back2school> is aktief vanaf 15 November 2025. Gaan haal dit asseblief af, by hul winkel in Somerset-Wes.

Adres: 162 Hoofweg
Somerset-Wes
Kaapstad
7130

**Geen skryfbehoeftes moet gemerk word nie.
Merk slegs die houer!**

5. Doelwitte

- ♥ 'n Positiewe selfbeeld
- ♥ Kommunikasievaardighede
- ♥ Emosionele ontwikkeling
- ♥ Groot- en fynmotoriese vaardighede
- ♥ Sosiale vaardighede
- ♥ Perseptuele vaardighede
- ♥ Probleemoplossingsvaardighede
- ♥ Kreatiewe vaardighede
- ♥ Kulturele vaardighede
- ♥ Denkvaardighede



6. Waardes

Betroubaarheid

Wees altyd eerlik en lojaal.



- * Praat die waarheid.
- * Doen wat van jou verwag word.
- * Ek vat nie wat nie aan my behoort nie.

Verantwoordelikheid

Doen wat jy sê jy gaan doen.

- * Wees aanspreeklik.
- * Wees betroubaar.
- * Dink voor jy doen.
- * Mense moet op jou kan staatmaak.
- * Gee altyd jou beste.
- * Wees 'n goeie voorbeeld vir ander.



Regverdigheid

- * Speel volgens die reëls.
- * Hanteer almal dieselfde.
- * Gee almal 'n kans.
- * Ons dra nie stories van ander maats aan nie.

Hanteer almal op 'n billike, regverdige en eerlike manier.

- * Luister na ander se kant van 'n saak.



Respek

Dink en reageer op'n positiewe manier teenoor jouself, ander en besittings.

- * Wees vriendelik.
- * Luister.
- * Wees positief.
- * Gebruik mooi woorde.
- * Kyk na jouself, ander en jou besittings.
- * Behandel ander soos jy behandel wil word.



Omgee

Wys jy gee om deur jou optrede.

- * Wees vriendelik.
- * Wees liefdevol.
- * Deel met mekaar.
- * Betoon dankbaarheid.
- * Vergewe jou maats.
- * Help mense in nood.
- * Ons maak nie maats opsetlik seer, met ons woorde of dade nie.



Burgerskap

Doen jou deel om jou skoolgemeenskap 'n beter plek te maak.



- * Werk saam en wees betrokke.
- * Ons beskadig nie eiendom nie.
- * Hou jou omgewing skoon.
- * Hou by reëls.
- * Respekteer gesag.

7. Toelating en rapporte



Toelating:

- ♥ Vir inligting ten opsigte van toelating vir Graad RRR en RR 2027, kan die toelatingskantoor gekontak word.
- ♥ Inligting ten opsigte van toelating vir Graad R 2027 sal betyds deur die skool aan ouers gekommunikeer word, soos nodig.

Rapporte:

Kleuters word deurlopend geëvalueer. Graad RRR-leerders ontvang 'n terugvoeringsverslag aan die einde van kwartaal twee en kwartaal vier. Graad RR- en Graad R-leerders ontvang 'n terugvoeringsverslag kwartaalliks, asook 'n skriftelike rapport aan die einde van elke kwartaal. Hier is die twee sleutels van kodes wat gebruik word:

Graad RRR en RR

✓	Bemeester (5,6,7)	•	Kan verbeter (3,4)	x	Benodig dringend aandag (1,2)
---	-------------------	---	--------------------	---	-------------------------------

Graad R

Nasionale kode	7	Uitmuntende Prestasie	3	Matige Prestasie
	6	Verdienstelike Prestasie	2	Basiese Prestasie
	5	Beduidende Prestasie	1	Ontoereikende Prestasie
	4	Voldoende Prestasie		

8. Skoolure



Skooltye: Somer & Winter: 07:30 - 12:30

Ingang: Piet Retiefstraat (Nasorghek)

- ♥ Leerders word stiptelik ontvang deur klasonderwyseres vanaf 07:10 en die dagprogram begin stiptelik om 07:30.
- ♥ Leerders mag asseblief nie sonder toesig gelaat word nie.
- ♥ Graad RRR (halfdag) en Graad RR-leerders moet by hul opvoeders in die klas afgehaal word om 12:30 deur ouers of nasorgpersoneel, aangesien ons kleuters se veiligheid eerste kom.
- ♥ Graad RRR-leerders wat in Hendrik Louw se nasorg is, bly in die lokaal waar hulle onderrig word.
- ♥ Die Graad R-leerders moet om 12:30 by die hekke in Piet Retiefstraat afgehaal word.

STIPTELIKHEID SAL WAARDEER WORD




9. Afwesigheid

- Leerders met aansteeklike siektes moet tuisbly.
- Kontak die opvoeder.
- Indien drie dae aaneenlopend afwesig, moet 'n mediese sertifikaat ingedien word.
- Beperk onnodige afwesighede.
Al lyk dit nie so nie, verloor leerders elke dag werk en assesserings kan nie ingehaal word nie.



NB. Opvoeders mag volgens departementele reëls geen medikasie aan leerders gee nie.



10. Buitemuurs

Leerders vanaf Graad RRR - Graad R mag deelneem

Buitemuurs vind by die skool plaas. As u belangstel kontak asseblief die afrigter van die spesifieke sport vir verdere inligting.

Deelname is vrywillig!

Stimu-zone

Sandra Swanepoel

074 160 5719

stimuzonel6@gmail.com



Music Minds

Marlene

084 840 0205

marlene@musicminds.co.za



Playball

Careen

082 825 9779

careenplayball@gmail.com



Goal Getters

Lu-handrie

071 189 5354

info@netballgoalgetters.co.za



Rugga Roots

Raymond

072 830 1593

helderberg@ruggaroots.co.za



Wicket Cricket

Dylan

076 220 7477

info@wicketcricket.co.za



Andrea Ballabio

084 299 8822

stellenboschfin@dmcompany.co.za



11. Ouerbetrokkenheid

- Laai *D6+ Connect*-toepassing af.
- Laai die *My School Card*-toepassing (*sien vorm*)/op jou selfoon of koppel jou bestaande kaart aan Laerskool Hendrik Louw. Dit kos niks en help ons skool.
- Raak betrokke by die OOV.
- Bied hulp aan by fondsinsamelingsprojekte.
- Kyk elke dag in jou kind se tas vir moontlike briewe. Stuur die antwoordstrokke die volgende dag terug.
- Maak slapenstyd 19:30 vir 20:00.
- Indien ons sekere aanbevelings maak, sal ons dit waardeer as u ons daarmee kan help.



12. Kosblikke

Kinders bring hul eie eetgoed vir verversingstyd skool toe.

U kind moet verkieslik elke dag enige van die volgende saambring:

- ♥ Volkoring toebroodjies
- ♥ Provita
- ♥ Kaasbeskuitjies
- ♥ Gekookte eier
- ♥ Wortelstokkies
- ♥ Grondboontjies
- ♥ Rosyntjies
- ♥ 'n Gesonde drankie, bv. melk, vrugtesap of water
- ♥ 'n Vrug



Geen lekkers, koekies, gaskoeldrank of energiedrankies sal toegelaat word nie, behalwe vir verjaardagpartytjies en uitstappies.

Vloeistof moet asseblief NIE in 'n toedraai-bottel (skroefdoppie) gegooi word NIE – leerders stamp dit om.

ONTHOU
'n Mens is wat jy eet!

13. Kleredrag

Klein Louwtjie T-hemp moet op Vrydae, spesiale geleenthede, instappies en tydens uitstappies gedra word.

Die skakel vir ons aanlynwinkel om die verpligte Klein Louwtjie T-hemp aan te koop is:

<https://store.sticitt.co.za/HendrikLouw>

Die Klein Louwtjie T-hemp kan ook direk teen R130 by Hendrik Louw se klerewinkel aangekoop word.

Kinders leer deur aktiewe deelname, daarom vra ons asseblief die volgende:

- Gemaklike klere
- Speelklere
- Uitgaanklere slegs vir spesiale geleenthede
- Dogters dra “tights” onder hul rokkies
- Klere wat toiletroetine nie beïnvloed nie
- Dogters se hare moet netjies vasgemaak wees
- Seuns se hare moet kort wees en voldoen aan skoolreëls.
- Dogters mag GEEN hoëhakskoene of juwele dra nie.
- Dogters mag GEEN hangoorkrabbetjies dra nie, slegs voorgeskrewe ringetjies of oorknoppies (“studs”), in goud of silwer.

Hou asseblief ‘n ekstra stel klere en onderklere in u kind se tas.

Merk alle klere duidelik!



14. Terapeute



Arbeidsterapeut: Elize Braasch 083 302 1654
elize@braasch.co.za

Arbeidsterapeut: Shelby Weyer 076 168 1279
shelbyweyerot@gmail.com

Arbeidsterapeut: Cara Willemse 079 267 7683
carawil.ot@gmail.com

Help met fyn- en grootspiersiftingtoets en sensoriese evaluasie, asook terapie indien benodig.

Spraakterapeut: Jenna Blake 076 736 5357
jennablake.speechtherapy@gmail.com

Spraakterapeut: Salomé Koen 084 435 3083
koen.salome@gmail.com

Identifisering van moontlike spraak-, taal- en gehoorprobleme. Siftingstoets, asook terapie, indien benodig.

Terapie word tydens skoolure by die skool gedoen.

15. Uitstappies



Klein Louwtjie T-hemp moet gedra word.

16. Algemeen

- Sorg vir goeie roetine tuis — dit gee vir jou kind 'n gevoel van veiligheid en skeep sekuriteit.
- Lê goeie toiletgewoontes vas. **LEERDERS MOET DIE TOILET ONAFHANKLIK KAN GEBRUIK.**
- Geen speelgoed mag skool toe gebring word nie.
- Die **TAS/RUGSAK** moet groot genoeg wees, sodat 'n ekstra stel klere daarin kan pas, asook skoene en 'n baadjie as die leerder dit uittrek.
- Verjaarsdae:
 - Opgemaakte pakkies lekkergoed of kolwyntjies kan gestuur word.
 - Geen verjaarsdagpartytjies word gehou nie.
- Stel die opvoeder in kennis van enige telefoon- of adresverandering.

2026 - Skoolkalender:

Kwartaal	Open	Sluit
Eerste	14 Januarie	27 Maart
Tweede	08 April	26 Junie
Derde	21 Julie	23 September
Vierde	06 Oktober	09 Desember





JOIN **MY DIFFERENCE** SUPPORT US



ALL ON THE
WOOLIES APP

Support our school every time you shop at Woolworths.

Every purchase at Woolworths can make a difference for our school – and it's completely free!

Here's how to join in just a few easy steps:

1. Download the Woolworths app – it's quick and free.
2. Join **MyDifference** on the app.
3. Go to the Loyalty Hub and tap 'Causes'.
4. Select 'Choose my own'.
5. Search for **LAERSKOOOL HENDRIK LOUW** and choose us!
6. Please remember to select our school **within 30 days** of joining.
Please note that we are listed as **Laerskool Hendrik Louw** and not Hendrik Louw.
7. Scan your digital card every time you shop at Woolworths. You will be supporting our learners with every purchase!

Thank you for helping us make a difference.